# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Konínkrykstyd

**28 OKTOBER 2022** | JAARGANG 20

UITGAWE **16**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 **Vrystaat dink nuut oor Diens van Barmhartigheid**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Duideliker Spraak**

04 Islam | **Islam en die Shariah-regstelsel**

04 Hoopfonds | **Die Jagersfontein-slikdamramp - ongeveer twee maande later**

04 Argief | **'n Kerkargief soos dié sal ons van "vals getuienis" en "eiewaan" bewaar!**

04 Moderamen | **Ons roeping, my roeping**

04 **Werkswinkel vir Ringskommissies**

05 **’n Teologie van Afval en Gemors**

05 **En die Kerk? Wat van die Kerk?...**

05 Kantoor | **'n Dag uit die kantoor**

05 Afrika-Ekumene | **NetACT: waarde-toevoeging tot 'n beter Afrika**

05 Afrika-Ekumene | **Geen jeug, geen toekoms**

## 06 MEDIATEEK

06 'n Resensie | **Neels Jackson, *Drie Dekades van Verandering. Die NG Kerk se pad na verruiming.***

06 Inventaris

## 08 EKOLOGIE

08 Steve de Gruchy: Die Olyfagenda

## 10 LEER KEN

10 Nuut | **Ds Dylan Allen**

11 Nuut | **Ds Thania Botha**

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

12 Aktueel

14 Reik uit | Raak aan

15 Algemeen

## 16 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES

16 Nuusbriewe | **Missie Japan**

16 Nuusbriewe | **TOIBO**

16 Nuusbriewe | **CLF**

16 Kerkbode | **Brokkies uit Kerkbode**

## 17 KALENDER

## 18 BETREKKINGS

## 19 VERJAARSDAE

## 20 'N LAASTE GEDAGTE


## 21 KONTAK ONS




**Klik hier** »




**Klik hier** »




**Klik hier** »



# Uit die *Redakteur* se pen

Seisoene is deel van ons elkeen, hetsy die seisoene van die kalenderjaar (lente, somer, herfs en winter), seisoene in 'n mens se lewe of seisoene van die Kerkjaar, soos Koninkrykstyd waarbinne ons onsself nou bevind.

Ons hier by die #redaksie-span het dit goedgedink om die Vrypos in 'n nuwe seisoen in te neem met 'n nuwe voorkoms en uitleg.

Kom loer, lees en leer saam met ons deur die begin van hierdie nuwe seisoen en laat weet ons asseblief wat jy dink!

**Die volgende Vrypos-uitgawe sal op Vrydag 11 November 2022 verskyn. Kyk gerus na ons kalender op ons webblad vir belangrike datums.**

Lekker lees.

**Groete**

*Celicia McLean*



**OPEN** 1 OKTOBER 2022 | **SLUIT** 31 JANUARIE 2023

# BEURSAANSOEKE 2023

Die NG Kerk Vrystaat stel beurse beskikbaar aan studente wat Teologie sowel as vir ander studierigtings studeer. Die fondse vir hierdie beurse is verkry deur bemakings aan die NG Kerk Vrystaat en die Helpmekaar Vrystaat.

Studente wat Teologie studeer of wil studeer met die oog daarop om 'n predikant in die NG Kerk-familie te word, kan aansoek doen by die Beursfonds vir Teologiese studie.

Studente wat in enige ander rigting wil studeer, kan aansoek doen by die Helpmekaar Vrystaat.

**Terme en voorwaardes geld*

**VIR MEER INLIGTING KONTAK**

**Tertius Botha**
tbotha@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

**KLIK HIER**

# VRYSTAAT DINK NUUT OOR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

"Die Here is gegrief oor vormgodsdiens sonder barmhartigheid én geregtigheid."

DEUR: MARIËTTE ODENDAAL

Die NG Kerk Vrystaat het sedert Maart 'n nuwe Raad vir Diens van Barmhartigheid wat gemeentes en ringe wil help om nuwe maniere te vind waarop hulle hul missio dei-opdrag kan uitleef om die geestelike en fisieke nood in hul gemeenskappe te verlig.

## Wat word bedoel met 'barmhartigheid'?

"Die kerk is in haar wese geroep tot diens van barmhartigheid. Barmhartigheid is 'n integrale deel van kerk-wees," verduidelik Hannes du Plessis, voorsitter van die Raad vir Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk Vrystaat. "Die oorsprong van barmhartigheid is geleë in die Drie-Enige God; ons word geïnspireer deur God se liefde, barmhartigheid, geregtigheid, versoening, vrede en gemeenskap om met ander te deel."

Du Plessis verduidelik verder: "Diens van Barmhartigheid is ook nie net kospakkies uitdeel nie. Ons sien veral in die Ou Testament dat barmhartigheid en geregtigheid nie van mekaar geskei kan word nie. Die Here is gegrief oor vormgodsdiens sonder barmhartigheid én geregtigheid. In die Nuwe Testament sien ons dat gelowiges aangemoedig word om te gee daar waar hulle niks gaan terugontvang nie en waar daar geen sprake van wederkerigheid is nie."

Tot 1999 het die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (SKDB) hierdie werk gekoördineer en bestuur, ingeslote baie van die eiendomme wat hiervoor gebruik is." Vra jy aan Celliers waarom die SKDB ontbind het, antwoord hy as volg: "Wetgewing na 1994 het die landskap waarbinne welsynswerk in ons land gedoen is, drasties verander. Dit het genoodsaak dat die Sinode Vrystaat in 1999 die SKDB se werksaamhede in drie verdeel het. Eerstens is die eiendomme geskuif na 'n nuts-maatskappy wat vandag NG Welsyn heet. Tweedens is die NG Kerk Maatskaplike Dienste (NGMD) geregistreer as 'n welsynsorganisasie (later bekend as ENGO) wat onder andere die statutêre funksies moes vervul en derdens het die SKDB voortbestaan as die been wat kerklike barmhartigheidswerk met kerklike fondse op sinodale vlak behartig het.



*Foto: Diens van Barmhartigheid*

## Die ontstaan van NG Vrystaat se Diens van Barmhartigheid

"Dit was veral na die Anglo-Boereoorlog en die Spaanse Griep-epidemie van 1918 dat kinderhuise op verskeie dorpe in die Vrystaat tot stand gekom en gou-gou 'n sinodale aksie geword het," vertel Bertus Celliers, dagbestuurslid van Diens van Barmhartigheid, oor die ontstaansgeskiedenis van hierdie onontbeerlike diens. "Dit het later uitgebrei om ouetehuise en maatskaplike dienste ook in te sluit.

"Al drie hierdie instansies se besture is deur die sinode aangewys. Barmhartigheidswerk op plaaslike vlak, in besonder ouetehuise en kinderhuise, is uitgekontrakteer aan dié gemeentes en ringe wat gekies het om daarvoor verantwoordelikheid te neem onder die vaandel van NGMD. Ooreenkomste en konstitusies is met die betrokke instansies gesluit.

Lees meer »

# ARTIKELS


UIT DIE SINODE

**BEDIENINGSBEGELEIDING**

Verbi Divini Minister

**Duideliker spraak**

Lees hier »



**VENNOTE IN GETUIENIS**

**Islam en die Shariah-regstelsel**

Lees hier »



**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

**Die Jagersfontein-slikdamramp – ongeveer twee maande later**

Lees hier »



**ONDERSTEUNING**

**'n Kerkargief soos dié sal ons van "vals getuienis" en "eiewaan" bewaar!**

Lees hier »



**VISIONERING**

**Ons roeping, my roeping**


Lees hier »



**BEDIENINGSBEGELEIDING**

**Werkswinkel vir Ringskommissies**

Lees hier »



# ARTIKELS

ALGEMEEN | AFRIKA-EKUMENE

ALGEMEEN

### ’n Teologie van Afval en Gemors


Lees hier »



ALGEMEEN

### En die Kerk? Wat van die Kerk?...

Lees hier »



ONDERSTEUNING

### ‘n Dag uit die kantoor

Lees hier »



AFRIKA-EKUMENE

### NetACT: waardetoevoeging tot ’n beter Afrika

Lees hier »




AFRIKA-EKUMENE

### Geen jeug, geen toekoms

Lees hier »



*Kaapstad: Lux Verbi, 2021*

'n Resensie deur
**Prof Dons Kritzinger**

# Neels Jackson

## Drie Dekades van Verandering. Die NG Kerk se pad van verruiming.

Daar is seker niemand wat oor die afgelope drie dekades meer NG Kerk-vergaderings bygewoon het as Neels Jackson nie. Vanaf 1990 was hy kerksake-verslaggewer van *Beeld* (en sy familie) koerante, en later vir 'n aantal jare self redakteur van *Kerkbode*. En dit was nie net sinodes (Algemene- en Streeksinodes) nie, maar ook allerlei ander kerklike byeenkomste waar hy opgemerk kon word. En dan moes hy natuurlik ook gedurig onderhoude met kerkleiers voer om hom te help interpreteer. Afgesien daarvan dat hy in hierdie kerk grootgeword het (en nou nog 'n aktiewe lidmaat in Pretoria is), het hy dus as ingeligte waarnemer 'n unieke insig in die werkinge van die NG Kerk gekry.

In hierdie baie leesbare boek van 288 bladsye dek hy die ontwikkelinge in sy kerk vanaf 1990 tot 2020. As iemand wat self ook 'n waarnemer van die kerk was oor hierdie tydperk, was dit vir my 'n besonder interessante ervaring om te sien hoe ons belewenis met mekaar ooreengestem het. Hy het tot sy beskikking gehad die talle notules, maar ook sy eie notas en berigte wat sy herinneringe kon aanvul.

Hierdie boek is 'n geskiedenis, maar sonder die droë en uitputtende detail, dit is 'n bevatlike verhaal. Behalwe die oorsig van die kerk se ontwikkeling op verskillende terreine bied hy ook tussen-in kostelike sketse van sommige rolspelers in die kerkleiding wat hy persoonlik leer ken het. Dit gee ekstra smaak aan die boek.

Belangrik om te verstaan, is dat Jackson positief is oor die veranderinge in die Kerk.

**Lees meer »**




*Boekprent oorgeneem uit Copyright © 2018 NB Publishers*

## INVENTARIS | **Mediateek**

**Die Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se inventaris word hier volledig deurgegee. Rig enige navrae aan **Anelia van den Blink by (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.

**Loer hier »**

NG Kerk
Vrystaat

# SKRIBA-OPLEIDING



## ONS WIL JOU GRAAG HELP MET

- *Hoe werk die Sinodale strukture?*
- *Wat maak ek met die POPIA-vereistes?*
- *Vorms wat aan die Sinodale Kantoor gestuur word*
- *Skep 'n ondersteuningsnetwerk met ander skribas*

## BLOEMFONTEIN

**8 NOVEMBER 2022**

Sinodale Kantoor,
Van Heerdenweg 20,
Wilgehof,
Bloemfontein, 9301

Dié wat dit nog nie bygewoon het nie, wil ons graag aanmoedig om dit wel by te woon en om met die Sinodale kantoor in verbinding te tree.

**Alle gemeentelike kerkkantoor amptenare behoort hierby baat te vind.**

Elke opleidingsessie **begin om 10:00** en die koste beloop **R150.00 per persoon**.

+27 (0) 51 406 6700

Bespreek plek by: **Tertius Botha**
E-posadres: **tbotha@ngkvs.co.za**




***Oorgeneem uit** Getuienisaksie Eenheidsbediening en VrydagNuus, NG Kerk Wes-Kaapland*

Lê sake van geregtigheid, gemeenskapsontwikkeling en die aarde se ekologiese uitdagings jou na aan die hart? Dan moet jy gerus hierdie eko-bydrae lees. Hierdie week stel ons eko-korrespondent, David Botha, ons bekend aan die eko-teologie van Steve de Gruchy (1961–2010), die sesde teoloog in sy reeks oor eko-teoloë. Die saak wat David uit Steve de Gruchy se teologie in hierdie bydrae wil uitlig, is wat hy die spanning tussen die ekonomie en die ekologie noem.

DEUR **DAVID P BOTHA**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Lees meer**



# Degnos NAMIBIË

## VRYSTAAT BESOEK 2022
## 27 OKTOBER TOT 10 NOVEMBER

Vir meer inligting of om 'n besoek te bespreek, kontak gerus vir **ds Andries Gouws**

**30 OKTOBER | 09:30**
NG GEMEENTE HEUWELKRUIN
Oggenddiens

**1 NOVEMBER | 10:00 EN 18:00**
WOODLAND HILLS GEMEENSKAPSKERK
Oggend- en aand bybelstudie

**6 NOVEMBER | 09:00**
NG GEMEENTE LANGENHOVENPARK
Oggenddiens

**6 NOVEMBER | 17:00**
NG GEMEENTE HEUWELSIG
Aanddiens







**VIR MEER INLIGTING** | Ds Andries Gouws +264 81 361 2480 gousandries74@gmail.com

# LEER KEN
## NUWE LERAARS

# Ds Dylan Allen
NG Gemeente Bothaville

### VAN WAAR?

- Gebore in Roodepoort
- Grootgeword in Heidelberg

### SKOOL & UNIVERSITEIT

- Volkskool Heidelberg
- Universiteit: KOVSIES

### MY DROOM VIR DIE KERK

Herlewing is noodsaaklik. Dat die kerk van Christus sal opstaan vir die waarheid en bereid sal wees om die vervolging van binne sowel as van buite te verdra, Dat ons waarlik kerk sal wees, kenmerkend soos in Sy Woord geopenbaar.



### BEROEP

Die afgelope 10 maande die leraar van die NG Gemeente Bothaville.

### DIT GEE MY MOED EN HOOP

Lidmate wat volhou dat ons nie moet toegee aan die druk van die wêreld nie. Ons moet opstaan vir die waarheid in die Lewende Woord. Ook Lied 477 - dat dit Christus is wat Self die kerk in stand hou. Dis die Here se kerk wat Hy Self beskerm en versorg.

### FAMILIE

Getroud met Corne, my steunpilaar.

### MY DRYFKRAG

Die wete dat ons net tydelik hier op aarde is met een roeping of doel - om tot God se eer te leef. Hierdie wete gee aan my die dryfkrag vir my huwelik, my vriendskappe, my werk en ook dit wat ek wil oordra aan elke liewe kind van die Here; dat buiten God se lof en eer, het niks anders ewigheidswaarde nie.

### MY BELANGSTELLINGS

Golf, pluimbal, tennis, boeklees en klassieke musiek.

# Ds Thania Botha

## NG Gemeente Universitas (Geloofsentrum)

## VAN WAAR?

Gebore in Klerksdorp en grootgeword op 'n plaas naby 'n klein dorpie met die naam Migdol, in die Noord-Wes.

## SKOOL & UNIVERSITEIT

- Hoërskool Fichardtpark
- Universiteit: KOVSIES
  (Teologie en Sielkunde)
- Tans besig met 'n nagraadse studie in praktiese teologie met spesialisering in pastorale sorg en terapie.

## BEROEP

- Januarie 2019 na Port-Elizabeth (Gqebera) - vir drie jaar by verskeie gemeentes werksaam
- 2018-2020 PE Hoogland
- 2020-2022 PE Somerstrand
- 2022 - tans Geloofsentrum
- Sy werk ook tans as terapeut by die Primêre Skool Universitas as 'n uitbreiding van gemeente-bediening in en aan die gemeenskap

## MY BELANGSTELLINGS

Jeug- en gesinsbediening, die bemoediging en bemagtiging van dogters en vroue, gemeenskapsbetrokkenheid (bv. dierebeskerming, wedlope ten bate van 'n goeie doel, ens.), kwaliteit tyd saam met familie, draf en om in die natuur te wees.

## FAMILIE

Ek is die Here oneindig dankbaar vir my man, Rikus. Hy is my beste vriend, die een wat sorg dat ek elke dag lag en my gedurig herinner (wanneer ek gespanne raak) dat God in beheer is. Ek sien uit na wat God vir ons toekoms saam beplan.

## WAT GEE MY MOED EN HOOP

Die wete dat God my geskep, geroep en tot hier gelei het en dat Hy steeds met my op pad is - Hy hardloop hierdie wedloop van die lewe saam met my. Om te kan bid en te weet Hy hoor my en beantwoord gebede volgens sy wil. As ek die Bybel lees en keer op keer besef dit is die lewende en kragtige Woord van God - 'n onuitputbare bron van wysheid en waarheid. Wanneer kinders en jongmense die vrymoedigheid het om vrae te vra oor God, geloof en die lewe as Christen, hulle lewe aan God toewy en opgewonde is om deel van en diensbaar in 'n gemeenskap van gelowiges te wees. Mense wat opreg is, met integriteit lewe en oop harte en hande het vir ander.

## MY DROOM VIR DIE KERK EN SUID-AFRIKA

Dat die kerk 'n koninkryks-agenda sal hê, eerder as dat mense hul eie agendas wil bevorder en dat daar eensgesindheid sal heers.



# AKTUEEL EN ALGEMEEN

## AKTUEEL


## FEITE EN FOUTE OOR KERK, GELOOF BEKYK

*Oorgeneem uit die elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)*

Die elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE) is die verbeterde, opgedateerde en aangevulde elektroniese weergawe van die gedrukte CKE wat in 2008 by Lux Verbi.BM in samewerking met Bybel-Media verskyn het. Die eCKE is ʻn eerste van dié aard wat van meet af aan in Afrikaans geskryf is. Dit wil ʻn sleutel wees dat jy God, sy Woord, sy kerk, die wêreld, die geskiedenis, jou land, jou geloof en jouself ʻn bietjie beter kan verstaan.

**Lees hier »**




## HANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE IN GEMEENTES

***Oorgeneem uit** ©2022 NG Kerk in Oos-Kaapland*

Die nuwe 2022-uitgawe van die Bestuursgids vir die NG Kerk, 'n handleiding vir die bestuur van diensverhoudinge, is pas deur die Algemene Taakspan Predikantesake bekendgestel. Dit is 'n werklik belangrike bron van inligting vir diensverhoudingekommissies in gemeentes. Die vorige uitgawe dateer uit 2010.

**Lees hier »**

# NG KERK VRYSTAAT KERKORDE 2022

**18**Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. **19**God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon **20**en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. **-Kolossense 1**

Lees hier »

# TWEELINGFONDS TRUST BEURSFONDS

Hiermee word behoeftige NG Kerk teologiese studente wat nie self, of wie se ouers nie oor die nodige fondse beskik om vir hulle studies te betaal nie, uitgenooi om aansoek te doen vir 'n beurs vanaf die Tweelingfonds Trust.

**Aansoek vorms kan aangevra word deur ds Ulrich Ohlhoff te kontak by 081 436 7488 of uohlhoff@gmail.com.**

Lees hier »

# POST-DOKTORALE STUDIEBEURS AAN DIE UVS

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir 'n post-doktorale studiebeurs in die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat.

**Volledige inligting is beskikbaar by:**
**https://ufs.hua.hrsmart.com/hr/ats/Posting/view/512**

Lees hier »



## REIK UIT


### Corné le Roux

Ons vra **voorbidding** vir Corné le Roux, ds De la Harpe le Roux se vrou, wat onlangs met aggressiewe borskanker gediagnoseer is.

Ons bid saam vir volkome genesing.

## RAAK AAN

### Ria Kleingeld




Ria Kleingeld (vorige Senior Sekretaresse van Engo Hoof-direktoraat) het haar stryd teen kanker verloor en is Sondag-oggend (9 Oktober) oorlede op die ouderdom van 69 jaar. Sy het 36 jaar vir die Engo-groep gewerk.

Ons harte is bitter seer, maar ons gun haar die vrede en rus. Sy was 'n merkwaardige vrou en het Jesus-liefde uitgestraal.

Ria sal vir altyd onthou word as die Moeder van Engo. Altyd dienend, altyd daar. 'n Lewe van onbaatsugtige diens.

Ai Ria, ons gaan jou só mis...












Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## NUUSBRIEWE EN BROKKIES UIT KERKBODE




Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

**Missie Japan**
Nuusbrief

**Lees hier** »

**TOIBO**
Nuusbrief

**Lees hier** »

**CLF**
Nuusbrief

**Lees hier** »

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

## BROKKIES UIT kerkbode

### IN MEMORIAM: LEOPOLD SCHOLTZ OOR GELOOF, GENADE EN GRADE VAN GRYS

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*26 Oktober 2022*

### UIT GUSTAV SE PEN: OOR WETGEWING EN AFRIKAANS AS GELOOFSTAAL

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*26 Oktober 2022*

### HOËVELD SINODE: 'HOOR ONS NET, ASSEBLIEF' PLEIT TALLE IN GESPREK OOR ARTIKEL 37

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*20 Oktober 2022*

### VIDEO: 'ONS MOENIE BANG WEES VIR VERNUWING, VERANDERING EN GROEI NIE'

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*20 Oktober 2022*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

## NG De Bloem

DEURRY-BASAAR

**Bestellings was op 27 Oktober**

Bestellings kan Saterdag vanaf 10:00 tot 12:00 by die kerksaal opgelaai word.

| 29 | 10 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## NG Fichardtkruin

BASAAR

**Matteus 4:19 (AFR83)**

Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.”

| 04 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## NG Onze Rust

AARDEDAG

**Kom kuier lekker saam**

Daar waar 'n plantjie geplant word, dra dit by tot die herstel van ons aarde wat so verniel is.

| 05 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## NG Hugenoot

KERSSANGDIENS

**met Joshua na die Reën**

Gratis @ NG Gemeente Hugenoot om 09:00.

| 27 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

## VAKATURE & PREDIKANTENUUS

NUUT
Sluitingsdatum: **30 Oktober 2022**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**BLOEMFONTEIN-NOORD**
ADMIN-BEAMPTE

NUUT
Sluitingsdatum: **13 November 2022**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**BETHLEHEM-EFRATA**
MEDELERAARSPOS

NUUT
Sluitingsdatum: **17 Januarie 2023**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**ORANJEVILLE**
LERAARSPOS

NUUT
Sluitingsdatum: **11 November 2022**

Engo
Child & Youth Care • Kinder-& Jeugsorg

**ENGO**
BESTUURDER
VAN TOONAANGEWENDE
VERSORGINGSINSTANSIE
VIR BEJAARDES

**Kerkbode**
**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afllosleraars**
**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

**Dr Nico Dicks**, emeritusleraar van NG Gemeente Welkom-Suid, het die beroep na NG Gemeente Ventersburg aanvaar. Hy is op Sondag 2 Oktober 2022 as leraar van die gemeente bevestig.

**Ds Stefan Welthagen**, leraar van NG Gemeente Odendaalsrus-Oos, het sy demissie op Maandag 3 Oktober 2022 ontvang.

# VERJAARSDAE



**Veels geluk!**

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## OKTOBER

**28** Ds Riekie Wilken
DEALESVILLE

**29** Lisma Liebenberg
SINODALE KERKKANTOOR

**31** Ds Gerhard Wessels
DAGBREEK

## NOVEMBER

**02** Ds Henk Taute
BLOEMVALLEI

**02** Ds Christo Louw
AANDBLOEM

**02** Dr Roelf Pienaar
SASOLBURG VIER ANKERS

**08** Ds Marthiens Heymans
BLOEMVALLEI

**09** Ds Leon Oosthuizen
LANGENHOVENPARK

TEKS: **Psalm 50**

**Deur ds Barnard Steyn** | Uitvoerende Amptenaar: Bedieningsbegeleiding

# 'n Herinnering aan **dankbaarheid**

Anna Bobbert, 'n stoere lidmaat van die NG Gemeente Berg-en-Dal, is onlangs in die ouderdom van 93 jaar oorlede. Psalm 50 was die laaste skrifgedeelte wat op haar versoek saam uit Die Lewende Bybel gelees is. Die 1933-vertaling se opskrif is "Die ware godsdiens" en dit is asof dié Psalm sy loop neem (of vloei) na die diepte-punt van wat ware godsdiens behels.



***Foto:***
*Anna Bobbert met Liebchen, haar hondjie.*

**Godsverskyning**
Psalm 50 open met 'n dramatiese Godsverskyning in die Godstad (Sion) met die boodskap dat God hier teenwoordig is.

***Die Here is God, Hy alleen is God.***
***Hy spreek, Hy roep die hele wêreld op,***
***van waar die son opkom tot waar hy ondergaan.***
***Uit Sion, stad van volmaakte prag, verskyn God in glans.***

**Godsdienstigheid**
God sluit 'n verbond met die mens en die mens se godsdienstigheid sluit brandoffers in. God ontvang die offers, maar het nie behae in diereoffers nie soos blyk uit die retoriese vraag (vers 13):

***Eet Ek miskien ... vleis ... ?***

**Godvergeters**
'n Ernstige waarskuwing word aan diewe, egbrekers en kwaadpraters gerig. Godvergeters soos in die 1933-vertaling genoem. Weer vra God (vers 21):

***Moet Ek stilbly as julle sulke dinge doen?***
***Dan sal jy dink Ek het soos jy geword!***
***Nee, Ek eis rekenskap van jou ...***

***Ware Godsdiens***
Psalm 50 sluit met die offer van ware godsdiens.

***As 'n mens se offer uit dankbaarheid bestaan,***
***eer hy of sy My ...***

Dankie, Anna, jou herinnering aan dankbaarheid in die woorde van Psalm 50 maak ons lewens ryker, mooier en voller.

**Blogartikel** »



Foto: **Ds Barnard Steyn**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Dinsdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Karisma Coetzer
**skakel@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

©2022 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | **2022**
DEPARTEMENT: KOMMUNIKASIE EN BEMARKING